OPSTEL VAN DIE STAD KAAPSTAD SE VYFJAARPLAN: 2011/12 – 2015/16 (GOP)

Op 30 Mei 2007 het die Raad 'n vyfjaarplan (geïntegreerde ontwikkelingsplan – GOP) vir die Stad Kaapstad goedgekeur. Dit vorm die grondslag vir die Stad se strategiese beplanning vir die tydperk 2007–2012 en moet jaarliks ingevolge die Wet op Munisipale Stelsels (MSA), Wet 32 van 2000, hersien word.

Die Stad is op die punt om te begin met die voorbereiding vir die volgende vyfjaarplan (GOP) vir die nuwe raad wat na verwagting gedurende die eerste kwartaal van 2011 verkies sal word. Aangesien die uiteindelike doel van die plan is om die beste moontlike dienslewering aan u, die inwoners van Kaapstad, te verseker, sal ons u deelname aan hierdie belangrike proses waardeer.

Die beoogde tydsraamwerk vir die proses is soos volg:

Ten einde vir openbare konsultasie voor te berei, sal die Stad sy bestaande vlakke van dienslewering en ontwikkeling evalueer om sy strategiese prioriteite te bepaal.

In Julie/Augustus 2010 gaan die Stad gemeenskappe/wyksforums en sektororganisasies nooi om Raadsinisiatiewe op wyks-, subraads- en stadswye vlak te help prioritiseer. Hierdie fase sluit ook konsultasie met ander regeringsfere in om te verseker dat ons planne met ander sektorspesifieke programme in pas is.

Gedurende September/Oktober 2010 sal departemente via subrade terugvoer gee oor kwessies/ kommentaar wat deur die gemeenskappe geopper is. Die konsepjaarverslag vir 2009/10 sal ook gedurende hierdie tydperk by 'n vergadering van die burgemeesterskomitee ter tafel gelê word.

In Maart 2011 sal die konsep-GOP en -begroting tydens die Raadsvergadering ter tafel gelê word, terwyl die oorsigverslag vir 2009/10 terselfdertyd aan die publiek beskikbaar gestel sal word.

Gedurende April 2011 sal die publiek kommentaar oor die konsep-GOP en -begroting kan lewer na 'n geleentheid om tydens subraadsvergaderings na aanbiedings deur verskeie lyndepartemente te luister.

Daar word verwag dat die Raad die GOP en begroting uiteindelik deur die loop van Mei 2011 sal goedkeur. Dié dokumente sal kort daarna aan die publiek beskikbaar gestel word.

Sonder goed gemoniteerde implementering is die dokumente natuurlik sinloos. Sodra ons u geraadpleeg en die Raad se goedkeuring verkry het, sal die jongste doelwitte en teikens van die GOP-oorsig en begroting by die telkaarte van senior sleutelamptenare, dienslewerings-en-begrotingsimplementeringsplanne (SDBIP's) asook die prestasie-ooreenkomste van lede van die uitvoerende bestuurspan ingesluit word. Deur al hierdie moniteringsmeganismes wil ons verseker dat ons ons doelwitte bereik.

'n Afskrif van die volledige tydskedule vir die GOP- en begrotingsproses vir 2011/2012 is beskikbaar by u subraadskantoor of by www.capetown.gov.za.
Vir meer inligting oor die proses skakel 021 400 9803, stuur 'n faks aan 021 400 4909, of rig 'n e-pos aan idp@capetown.gov.za.

ACHMAT EBRAHIM
STADSBESTUURDER

CITY OF CAPE TOWN | ISIXEKO SASEKAPA | STAD KAAPSTAD

HIERDIE STAD WERK VIR JOU